**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Aansoek Nr. : 4411/2004

**HENDRIEN ASTELL DU PLESSIS** APPLIKANTE

en

**DANIEL JOHANNES DU PLESSIS** RESPONDENT

---

**AANGEHOOR OP:** 27 JANUARIE 2005

---

**UITSPRAAK:** VAN COPPENHAGEN R

---

**GELEWER OP:** 3 FEBRUARIE 2005

---

[1] Applikante in die reël 43 aansoek wat aan die orde is, is die eiseres in 'n egskeidingsaksie onder saak nr 3978/2004 in hierdie hof.

Respondent is haar eggenoot van wie sy na bewering vervreem is.

[2] Die aansoek het afgeskop met 'n punt *in limine* naamlik dat die hof nie jurisdiksie het om die aangeleentheid te verhoor

nie.

[3] Per definisie in artikel 1 van Wet 70 van 1979, die Wet op Egskeiding, is reël 43 aansoeke “egskeidingsgedinge” en is die hof ingevolge artikel 3 van gemelde wet met jurisdiksie beklee indien die partye in die egskeidingsgeding of enigeen van hulle

(a) op datum waarop die geding ingestel word in die regsgebied van die hof gedomisilieerd is; of

(b) op daardie datum gewoonlik in die regsgebied woonagtig is en vir ‘n tydperk van minstens een jaar en onmiddellik voorafgaande gewoonlik in die republiek woonagtig is.

[4] In haar funderende verklaring maak applikante onder andere die volgende bewering:

“7.1 …………………………… Ek is toe (12 September

> 2004) na my moeder Mev H J Smith van die plaas Valley, Verkeerdevlei, Vrystaat Provinsie waar ek sedertdien permanent woonagtig is. ………………………………” (Invoeging deur my)

Applikante verduidelik weliswaar dat sy voorneme is om in Kaapstad te gaan werk soek en indien sy suksesvol is, sy in Mei na haar moeder terug sal keer vanwaar sy dan vryskutwerk wil doen.

[5] Teen dié agtergrond dat applikante nie "permanent" in die Vrystaat woon en werk nie voer respondent aan dat applikante nie "gewoonlik" in die Vrystaat "woonagtig" is nie, en die hof gevolglik nie jurisdiksie het nie.

[6] Dit moet duidelik gestel word dat respondent nie applikante se bewering dat sy sedert 12 September 2004 permanent in die Vrystaat woonagtig is betwis nie, nog minder word haar stelling dat sy nadat die "modelseisoen" verby is na die Vrystaat terugkeer en dat sy vanaf die Vrystaat vryskutwerk wil doen, betwis.

Myns insiens regverdig applikante se onbetwiste bewerings die afleiding minstens dat sy ten tye van die uitreiking van die dagvaarding op 17 November 2004 gewoonlik in die Vrystaat woonagtig was.

[7] Die punt *in limine* moet gevolglik afgewys word.

Koste behoort die resultaat te volg.

[8] Die volgende bevel word gemaak:

Die punt *in limine* word afgewys met koste.

**G. VAN COPPENHAGEN, R**

Namens die applikante: Adv. A. Williams
In opdrag van:
Honey Prokureurs
BLOEMFONTEIN

Namens die respondent: Adv. S. J. Reinders
In opdrag van:
McIntyre & Van der Post
BLOEMFONTEIN

/sp